

Woensdag 13 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 8:23 – 9:6

Fokusgedeelte: Jesaja 9:1

Die Verbondsgod verander duisternis in lig

Die verbondsvolk het in donkerte geleef. Hulle was self die rede vir die donker in hulle lewe. Hulle het teen die heilige God gesondig. Die profeet Jesaja het in sy profesie met die deur in die huis geval: *“Ellende wag vir julle, sondige nasie, volk met skuld belaaï, geslag wat verkeerd handel, julle wat net afbreek, wat My, die Here verlaat het, My, die heilige van Israel verag en vir My die rug gedraai het”* (Jes.1:4.)

Die genadige Verbondsgod stuur sy profeet Jesaja, ten spyte van die verbondsvolk se sonde, ook met ’n wonderlike verlossingsboodskap. Jesaja se naam beteken *die Here is redding*, en die woord deur Jesaja gebring, was ’n reddingswoord: *“Die volk wat in donkerte geleef het, het ’n groot lig gesien”* (Jes.9:1.) Hierdie lig was ’n Seun, die Seun van God wat gebore sou word en die verbondsvolk sou red.

Kyk ons vandag om ons, is dit nie moeilik om die donker waarin ons leef, raak te sien nie. Sonde is oral om ons, ons eie sonde en dié van die sondige wêreld. Ons sonde maak dit donker in ons lewe. Ons is nie by magte om die donker te laat weggaan nie.

Ons Verbondsgod verander die donker in lig. Sy Heilige Gees laat ons met geloof terugkyk na sy Seun wat ons aan die kruis gered het. Die Heilige Gees laat ons ook uitsien na die wederkoms van die Seun van God, wanneer ons finale redding volmaak geopenbaar sal word en ons by God, ons Ewige Lig sal wees.

Sing: Skrifberyming 51/3-1:1, 3

Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)